Oordenking
7 Januarie 2009

Moenie mislei word om te glo dat dit sleg gaan nie!

Ons leef heeltemal teveel kere asof ons die probleme en uitdagings van die wêreld op ons skouers moet dra. Voeg by die tye van ware rou, verlies en angstigheid ook die impak van die sinisme en negatiwiteit van die wêreldkultuur wat nie antwoorde en oplossings van God verwag nie; voeg ook by al dié dinge, die waarskuwings van ekonome, van daardie politici wat ons nie kan vertrou nie en die sensasie in die media wat slegte nuus as goeie besigheid sien - en ons mag in die versoeking val om blind te wees vir die volle, absolute realiteit waar God op die troon van die geskape werklikheid is en Jesus ewige Koning en Voorsiener is!

Dit voel soms asof daar 'n groot sameswering daarbuite is om die laste wat ons dra, ondraaglik te maak. As dit die geval met jou is, hier aan die begin van 2009, luister na die geïnspireerde woorde in Jak 1: 16 – 17:
"Moenie julleself mislei nie, my liewe broers. Elke goeie gawe en elke volmaakte geskenk kom van Bo. Dit kom van die Vader wat die hemelligte geskep het, maar wat self nie soos hulle verander of verduister nie."

Wees gewaarsku: Moenie mislei word deur die siniese negatiwiteit van die wêreld nie. Moenie die bose glo wat wil hê jy moet dink dat ons wêreld buite beheer tol en dat niemand jou kan help nie. Moenie vasgevang raak in die mismoedigheid en hopeloosheid van mense wat blind is vir die gawes van God nie. Bid dat jou geestelike oë oop sal wees om te waardeer dat "*elke goeie gawe en elke volmaakte geskenk van Bo kom, dit kom van die Vader af... "* Daar wag talle goeie, mooi ervaringe in die lewe en dit is beslis nie toevallig so nie. Dit kom van die onveranderlike genade, ontferming en goedheid van God.

Opgewondenheid oor 2009 moet van die Vader kom wat die hemelligte gemaak het: die son, maan en sterre. Hierdie ontsagwekkende skepping van God wys vir ons dat standvastigheid, skoonheid, lig en lewe van God af kom. Hy is die Skepper van die warm son, die mooie maan en wonderlike sterrehemel. Netsoos Hy die uitspansel geskape het, netso bly Hy ook altyd in elke omstandigheid in my lewe, Skepper, Onderhouer en onveranderlike Voorsiener van elke goeie gawe.

Daarom – moenie mislei word nie! Word nooit die slagoffer van bose propaganda wat jou wil laat glo dat alles buite beheer is nie. Kyk na God se grootse werke en onthou hoe groot jou God is. Hy is altyd in beheer, Hy regeer en Hy is die oorsprong van alles wat goed en volmaak is.

Ja, ons word te maklik mislei en gevang in die net van die bose wat wil hê ons moet moed verloor en ons laat dink ons moet self al die probleme van die wêreld op ons eie oplos. Laat ons liewer vol moed en met baie oorspronklikheid die nuwe jaar aanpak met die seker wete dat die "*Vader wat die hemelligte geskep het*" gereed staan om aan ons elke goeie, volmaakte, opwindende gawe te gee wat ons nodig het om geleenthede te verwelkom en met groot vreugde en geloof die Gewer, Voorsiener en Beskermer van ons almal te aanbid.

Die leuen dat alles in die lewe sleg en hartseer is, het ten doel om ons te laat ophou om uit die inspirasie van God se voorsiening te lewe. Die Evangelie van Christus se doel is om ons elkeen te mobiliseer om lewende getuienis te wees van God se gawes van verlossing, liefde, sekerheid, ontferming en hoop.

Skep moed – ons God is in beheer, en jy is vanjaar in sy hande.